## 16.20 RAPPORT 13 – DEPUTATE EKUMENISITEIT BUITELANDS – NIEU SEELAND (Artt 63, 64)

## 16.20 REPORT 13 – DEPUTIES ECUMENICITY – INTERNATIONAL – NEW ZEALAND (Arts 63, 64)

A. Ds HS Coetzee stel die Rapport.
Rev HS Coetzee tables the Report.
B. Die Rapport word staande die Sinode afgehandel.
The Report will be concluded during the Synod session.

C. **RAPPORT / REPORT**

**Deputate verantwoordelik vir die lessenaar:** Ds ASA de Bruyn (s), Proff HG Stoker en IW Ferreira
**Deputies responsible for the desk:** Rev ASA de Bruyn (c), Proff HG Stoker and IW Ferreira

| | |
|---|---|
| **1. Reformed Churches of New Zealand (RCNZ)** | **1. Reformed Churches of New Zealand (RCNZ)** |
| Ekumeniese eenheid | Ecumenical Unity |
| 1.1 *Opdrag* | 1.1 *Mandate* |
| 1.1.1 Dat die Sinode kennis neem van die RCNZ se besorgdheid en waarskuwing rakende die besluit oor vroue in die diens van diaken en ook van hulle besorgdheid oor die manier waarop die Beswaarskrifte by die 2012 Sinode hanteer is. | 1.1.1 The Synod is to take note of the RCNZ's concern and caution over the decision related to women in the office of deacon and also their concern over the manner the Petitions of protest were addressed at the 2012 Synod. |
| 1.1.2 Dat die antwoord van die RCNZ se IRC rakende die aangeleentheid afgewag word. | 1.1.2 The response of the RCNZ's IRC regarding the matter is awaited. |
| 1.1.3 Dat die eenheid tussen die GKSA en die RCNZ herbevestig word en verder uitgebou word onder andere deur samewerking op verskillende terreine en die bywoning van en insette tydens Sinodes. | 1.1.3 The unity between the GKSA and the RCNZ is to be confirmed and strengthened by means of *inter alia* cooperation on different terrains and attendance of and input during Synods. |
| 1.1.4 Dat moeite gedoen word om die kerke in Nieu Seeland by te staan in die opvolg en moontlike inskakeling van oud lidmate. | 1.1.4 Effort should be made to support the churches in New Zealand with follow up and involvement of former members. |
| 1.1.5 Dat die antwoord van die RCNZ wat tydens die Sinode ontvang is deur die Deputate hanteer word. | 1.1.5 The response of the RCNZ, received during the Synod, is to be addressed. |
| *Vir kennisname* | *To be noted* |
| 1.2 *Uitvoering van opdrag* | 1.2 *Execution of mandate* |
| 1.2.1 In gesprekke tussen die Deputate en die afgevaardigde van die RCNZ (Rev John Rogers) tydens en na die Sinode van 2015, is die besorgdheid oor die manier waarop die Beswaarskrifte by die 2012 Sinode hanteer is, na behore aangespreek. Die IRC | 1.2.1 The concern over the manner in which Synod 2012 handled the Petitions of protest was properly addressed during talks between the deputies and the delegate of the RCNZ (Rev John Rogers) at and subsequent to Synod 2015. The IRC (interchurch relations |

| | |
|---|---|
| (interchurch relation committee) het ook so gerapporteer aan die Sinode van die RCNZ van 2017. | committee) reported accordingly to the Synod of the RCNZ of 2017. |
| 1.2.2 Die antwoord van die RCNZ se IRC rakende die besluit oor vroue in die diens van diaken, is tydens Sinode 2015 ontvang (vgl 1.1.2 en 1.1.5 hierbo by die opdrag). Die Deputate het dit hanteer deur prof PP Krüger saam met ds ASA de Bruyn na die Sinode van die CRCA in Mei 2015 in Perth te stuur met die doel om gesprekke te voer met Rev Paul Archbald en Rev David Waldron van die RCNZ. Na die gesprekke het die Deputate 'n skrywe ontvang van die IRC waarop die Deputate geantwoord het. | 1.2.2 The response of the RCNZ's IRC regarding the decision over women in the office of deacon was received during Synod 2015 (cf. 1.1.2 and 1.1.5 above under mandate). The Deputies addressed it by sending prof PP Krüger and Rev ASA de Bruyn to the CRCA's Synod in May 2015 in Perth with the aim to talk to Rev Paul Archbald and Rev David Waldron of the RCNZ. Subsequent to the talks, the Deputies received correspondence from the IRC to which the Deputies replied. |
| 1.2.3 Ds ASA de Bruyn woon die Sinode van die RCNZ by wat gehou is van 9-15 September 2017 te Palmerston North en dra groete namens die GKSA oor. | 1.2.3 Rev ASA de Bruyn attended the RCNZ's Synod, from 9-15 September 2017, in Palmerston North and extended the GKSA's greetings. |
| 1.2.4 Tydens die Sinode besluit die RCNZ dat hulle IRC gesprekke met die GKSA moet voer om die verhouding tussen die twee kerkverbande van 'n verhouding van ekumeniese eenheid na 'n verhouding van "ecumenical fellowship" te verander. Totdat dit gebeur het, is die eenheidsbande steeds in plek. | 1.2.4 During this Synod the RCNZ decided that its IRC would enter into discussion with the GKSA to change the ecumenical unity between the denominations into ecumenical fellowship. Until this would occur, ecumenical ties would remain in place. |
| 1.2.5 Die RCNZ Sinode het haar dank uitgespreek oor die besluite van die Buitengewone Algemene Sinode 2016 rakende die vrou in die amp van ouderling en predikant, maar is steeds besorg oor die bevestiging van vroue in die diens van diaken (met die klem op die bevestiging in die amp). | 1.2.5 The RCNZ Synod expressed its thanks over the decisions of the Extraordinary General Synod 2016 pertaining to women in the office of elder and minister, but remains concerned over the ordaining of women into the office of deacon (with emphasis on the ordaining into the office). |
| **Besluit: Punte 1.1 tot 1.2.5 kennis geneem.** | **Decision: Points 1.1 to 1.2.5 noted.** |
| <u>*Vir besluitneming*</u> | <u>*To be decided*</u> |
| 1.3 *Aanbevelings (Opdragte aan te benoemde Deputate)* | 1.3 *Recommendations (instructions to the next Deputies)* |
| 1.3.1 Dat kennis geneem word van die Deputate se hantering van die besorgdheid van die RCNZ oor vroue in die diens van diaken en hulle besorgdheid oor die hantering van die Beswaarskrifte by die 2012 Sinode. | 1.3.1 Note is to be taken of how the Deputies addressed the concern of the RCNZ over women in the office of deacon and about how the Petitions of protests were handled by the 2012 Synod. |
| 1.3.2 Dat met dankbaarheid kennis geneem word van die bestaande ekumeniese eenheid tussen die GKSA | 1.3.2 Note is to be taken with gratitude of the existing ecumenical unity between the GKSA and the RCNZ. |

| | |
|---|---|
| en die RCNZ. | |
| 1.3.3 Dat die eenheid onderhou en verder uitgebou word, onder andere deur wedersydse besoeke van Deputate en deur samewerking op praktiese vlak. | 1.3.3 Unity is to be maintained and strengthened by means of *inter alia* visits from both sides and cooperation on a practical level. |
| 1.3.4 Dat met leedwese kennis geneem word van die besluit van die RCNZ om gesprekke te voer oor die verandering van die verhouding tussen die GKSA en die RCNZ. | 1.3.4 The decision of the RCNZ to hold talks on changing the relationship between the GKSA and RCNZ is to be noted with regret. |
| 1.3.5 Dat die Deputate aandag sal gee aan die implikasies van 'n verandering in die verhouding tussen die GKSA en die RCNZ en daaroor aan die volgende Sinode rapporteer. | 1.3.5 The implications of a change in relationship between the GKSA and the RCNZ are to be reviewed and reported to the next Synod. |
| 1.3.6 Dat moeite gedoen word om die kerke in Nieu Seeland by te staan in die opvolg en moontlike inskakeling van oud lidmate. | 1.3.6 Effort is to be made to support the churches in New Zealand in their follow up and involvement of former members. |
| **Besluit: Punte 1.3.1 tot 1.3.6 goedgekeur.** | **Decision: Points 1.3.1 to 1.3.6 approved.** |

D. **Groeteboodskap ds P Archbald van die Reformed Churches of New Zealand (RCNZ)**

Ds P Archbald dra die groete van die RCNZ aan die vergadering oor waarna prof HG Stoker 'n dankwoord aan hom rig, hom in gebed aan die Here opdra en hom 'n voorspoedige vlug toewens.

**Greeting Rev P Archbald of the Reformed Churches of New Zealand (RCNZ)**

Rev P Archbald delivers the greeting from the RCNZ to the meeting after which Prof HG Stoker directs a word of thanks at him, entrusts him to the Lord in prayer, and wishes him a safe journey home.